Royal Flying Doctor Service
WESTERN AUSTRALIA

# Privaatheidsverklaring

## Die Royal Flying Doctor Service Western Operations se beleid vir die versameling, stoor en openbaarmaking van persoonlike inligting

Die Royal Flying Doctor Service Western Operations (RFDS WO) bied noodhulp- en lugmedisyne, primêre gesondheidsdienste, tandheelkunde en noodhulpkissies aan ons pasiënte. As ‘n nie-winsgewende organisasie, hanteer ons ook personeelrekords, publisiteitsveldtogte met die media en aanlyn-organisasies, kommunikeer ons met belangegroepe, ondersteun fondsinsamelings en gee terugvoer aan ons befondsers.

RFDS WO versamel verder persoonlike inligting rakende ons pasiënte, hul versorgers, verteenwoordigers en familie en vriende; sowel as werkgewers en vrywilligers insluitend dié wat aansoek doen om vir ons te werk; ons ondersteuners (donateurs) en ander.

Ons is daartoe verbind om aan ons wetlike vereistes te voldoen kragtens die Australiese Wet op Privaatheid van 1988 (die Wet); die Australiese Privaatheidsbeginsels (die Beginsels) en enige ander wetgewing. Ons neem elke redelike poging om alle persoonlike inligting te beskerm.

Oor die algemeen sal ons:

- Die regmatige, openlike en deursigtige bestuur van inligting verseker.
- Die inligting wetlik en deur regmatige prosesse versamel.
- Slegs die inligting wat ons benodig vir die beoogde doel of om wetgewing na te kom versamel, gebruik en deel.
- Redelike stappe neem om die akkuraatheid van inligting te verseker.
- Inligting rakende ‘n pasiënt slegs direk versamel. (Alhoewel ons ook soms inligting kan bekom deur ‘n verteenwoordiger, verwyser of ander organisasie soos ‘n hospitaal of mediese diens, indien die pasiënt self nie in staat om die inligting, of die nodige toestemming, vir iemand te gee nie.)
- Die toegang en regstelling van inligting reguleer.
- Die gepaste stoor en sekuriteit van inligting verseker.
- Inligting wat nie meer benodig word vir die beoogde doel nie, so spoedig as moontlik vernietig, en pasiënte deïdentifiseer.
- Verseker dat alle personeel bewus is van ons privaatheidsverwagtinge.
- Erken dat mense met sig- of gehoorgestemdhede, en persone met kulturele en taaldiversiteite, spesiale oorweging mag benodig.

## Watter inligting word versamel en waarom?

### Pasiënt

Ons versamel identiteits- en kontakbesonderhede, gesondheids- en sensitiewe inligting (feite en opinies), om die nodige sorg en behandeling aan ons pasiënte te bied en so ook hul naasbestaandes op hoogte te hou van hul toestand. Sommige van hierdie inligting word deur derde partye ontvang (bv. 'n verteenwoordiger, hospitaal of verwysende mediese dokter). Pasiënte kan kies om nie sekere besonderhede bekend te maak nie, maar dit kan ons vermoë om dienste te lewer beïnvloed – alhoewel ons ongeag steeds die beste in ons vermoë sal doen.

Kliniese beelde kan ook geneem word wanneer 'n pasiënt in ons sorg is vir hierdie primêre doel. 'n Beeld kan nie vir onderrig- of opleidingsdoeleindes gebruik word sonder skriftelike toestemming nie.

Ons gebruik pasiënte se kontakbesonderhede slegs om hul terugvoer aan te vra. Enige verdere kontak is slegs wanneer die pasiënt dit kies (en hulle kan altyd later uitteken).

Ons vra soms dat 'n pasiënt sy persoonlike ondervinding in die openbaar deel deur middel van die media, sosiale media, ons nuusbrief of ons webblad. Ons sal dit slegs doen met die uitdruklike skriftelike toestemming van die pasiënt. Anders het ons streng riglyne in plek om pasiënte te deïdentifiseer en sal slegs verslag lewer rondom die algemene aspekte rakende die voorval indien dit mediabelangstelling lok.

### Werknemers

Ons versamel inligting van persone wat aansoek doen om vir ons te werk en tydens hul indiensneming vir hierdie doel. Dit sluit die identiteit, kontakbesonderhede, werksgeskiedenis en opleidingsagtergrond, die verwyser se besonderhede en opinies, mediese geskiedenis, kriminele rekord, finansies (soos bankbesonderhede, belasting en pensioenfonds) en ander besonderhede in.

### Ondersteuners

Ons versamel gewoonlik die identiteit, kontakbesonderhede en finansiële inligting (soos kredietkaartbesonderhede) van ons ondersteuners wanneer 'n skenking gemaak word. Ons word gelei deur die Fondsinsameling Instituut van Australië se Gedragskode en gebruik slegs kontakbesonderhede om ons ondersteuners in kennis te stel van gebeure soos fondsinsamelingsprojekte deur die pos, e-pos en SMS/MMS. (Hulle kan wel enige tyd uitteken deur 'n maklike proses.)

Indien hulle verkies om nie hul identiteit bekend te maak nie of om kontakbesonderhede beskikbaar te maak nie, kan ons nie 'n kwitansie uitreik of besonderhede rakende opkomende projekte en geleenthede deel nie.

### Ander

Enigeen wat 'n RFDS WO geleentheid bywoon kan verfilm of gefotografeer word. Vir individue, vra ons skriftelike toestemming voor die gebruik van enige beeldmateriaal vir promosiemateriaal. Vir materiaal van skares, in 'n openbare plek, sal dit uiters onprakties wees om toestemming te vra vir die gebruik van beeldmateriaal, maar dan sal geen persoonlike inligting (soos name, indien bekend) gedeel word nie.

Alle RFDS WO basisse beskik oor geslotekringtelevisie-kameras in eksterne en openbare areas.

### Buitelandse openbaarmaking

Geen persoonlike inligting sal in die buiteland bekend gemaak word nie, tensy:

- Dit aan die persoon self is.
- Toestemming ontvang is.
- Inligting gedeïdentifiseer is.
- Dit ‘n toegelate algemene situasie is of gemagtig word deur Australiese wetgewing (bv. buitelandse betaling of dataverwerking soos kredietkaarte).

## Hoe kan jy toegang verkry tot jou persoonlike inligting? Wie anders het toegang?

### Pasiënte

Ons verklaar slegs pasiënte se inligting:

- Vir die primêre doel om ’n gesondheids- en mediese diens te lewer,
- Indien ons die pasiënt of sy verteenwoordiger se toestemming bekom,
- Aan ander gesondheidswerkers (in ’n noodgeval kan dit sonder enige kennisgewing of uitdruklike toestemming gebeur),
- Wanneer die wetlik vereis word (bv. die verpligte verslaggewing van sekere siektes, mishandeling, lasbriewe of dagvaardigings),
- Om onwettige aktiwiteite of ’n ernstige en dreigende gevaar vir die lewe, gesondheid of veiligheid (vir ’n individu of die publiek) te voorkom,
- As gedeïtentifiseerde data vir navorsing, samestelling vir statistieke, en openbare gesondheid,
- Tydens ’n formele gehalte-oorsig,
- Aan ons regeringsbefondsers (bv: Die WA Departement van Gesondheid of die WA  Provinsiale Gesondheidsdienste).

Jy kan toegang verkry tot enige persoonlike inligting wat ons van u hou deur ’n skriftelike navraag. Ons sal binne 10 werksdae op u navraag reageer. Ons sal wel u identiteit moet bevestig voor ons enige toegang tot inligting kan bied en kan ’n redelike fooi hef.

Daar is sommige aspekte onder die Wet waar ons inligting mag weerhou indien dit ’n ander party se privaatheid skend. Indien ons ’n navraag afkeur, sal ons die redes op skrif bied.

Neem asseblief kennis dat inligting nie oor die telefoon beskikbaar is nie, tensy ons verseker is van die individu of die wetlike of genomineerde verteenwoordiger se identiteit.

Indien ons inligting verkeerd of verouderd is, kan u ons enige tyd in kennis stel en sal ons dit aanpas. Ons kan soms nie instem om inligting te verwyder of te verander nie (bv. mediese opinies), maar bykomende inligting kan apart tot die lêer gevoeg word.

### Werknemers

Onsuksesvolle werksaansoeke word vir ’n tydperk gehou indien moontlike, soortgelyke geleenthede beskikbaar word. Ons sal enige aansoek vernietig indien dit nie meer as deel van die werwingspoel geag word nie of as die aansoeker dit versoek.

Alhoewel werknemers nie wetlik toegang het onder die Wet op Privaatheid nie, kan hulle wel ’n skriftelike versoek rig aan ’n bestuurder om hul eie lêers te hersien. Geen veranderinge kan aangebring word nie, maar ’n nota kan bygevoeg word indien versoek.

### Ondersteuners en ander

Indien enige inligting waaroor ons beskik verkeerd of verouderd is, sal ons dit so gou moontlik opdateer indien u die foute uitgewys het en ons seker is dat die navraag van die individu of wettige of genomineerde verteenwoordiger kom.

In die onwaarskynlike geval dat ons nie in staat is om toegang tot persoonlike inligting te bied nie, sal ons u met redes verskaf.

Ons gebruik soms derde-party-diensverskaffers om opnames te doen,

inligting te versamel en geleenthede te registreer. In so ’n geval, sal ons verseker dat ons privaatheidstandaarde nagekom word. Met tye, kan sulke diensverskaffers uit die buiteland werk. ’n Ondersteuner kan enige tyd kies om nie deel te wees van ons kommunikasie nie.

## Hoe beskerm ons jou inligting?

Ons beveilig inligting deur slegs die personeel wat dit benodig vir die primêre versamelingsdoel, toegang te bied.

RFDS WO gebruik ‘n verskeidenheid sekuriteitsbeginsels vir harde- en sagteware om jou inligting te beskerm. Ons hou alle harde kopieë van jou rekords veilig. Pasiëntrekords word altyd deur ons kliniese personeel gestoor en kopieë word direk aan oordrag- of hospitaalpersoneel oorhandig. Alle dokumentasie word terugbesorg aan ons basisse en in geslote stoorspasie gehou. Dit is altyd verseël wanneer dit oorgedra word.

Alle inligting wat deur ons webblad ingesamel word, word veilig in ons databasis gestoor en kan slegs deur gemagtigde personeel bekom word.

Ons webblad maak wel gebruik van ‘koekies’ om webbladbesoeke te tel en gebruikersondervinding te verbeter. Ons aanlyn kredietkaart-prosesseerder mag ook van ‘koekies’ gebruik maak vir identifikasie en teenbedrog-doelstellings. ‘Koekies’ kan gedeaktiveer word, maar sommige webwerffunksies kan moontlik nie beskikbaar wees nie.

Sosiale media-diensverskaffers, insluitend Facebook en Twitter, stel ook hul ‘koekies’ deur ons webblad wat jou eie profiel op hul webblad kan verbeter en kan bydra tot die inligting wat hulle van jou stoor. Ons stel voor dat u dié maatskappye se privaatheidsbeleid lees.

Ons webblad mag moontlik skakels tot ander webbladsye bevat. Ons kan nie beheer, of verantwoordelikheid neem, vir ander webbladsye se inligting of privaatheidspraktyke nie.

Sekere afdelings van ons webblad (bv. die betalings van donasies) is beveilig met SSL-tegnologie om data tussen u webblaaier en die webwerf te beveilig. Ons doen alles binne ons mag om te verseker dat donasies en transaksies op ons webblad so veilig moontlik gehou word.

Steeds moet elkeen bewus wees dat daar altyd inherente risiko’s verbonde is aan die stuur van inligting deur middel van die internet, insluitend e-pos en fakse. Alhoewel alle redelike pogings aangewend word om inligting wat op hierdie webwerf gestuur word, te beveilig, bestaan die moontlikheid dat inligting wat u verstrek deur ’n derde party waargeneem kan word tydens gebruik. Deur die gebruik van ons aanlynstelsel, erken u dat u RFDS WO nie aanspreeklik hou vir sekuriteitsoortredings, virusse of ander kwaadwillige sagteware wat u rekenaar kan infekteer of verlies aan data of inkomste wat andersins mag voorkom nie.

Van tyd tot tyd kontak ons gereelde ondersteuners om hul persoonlike of kredietkaartbesonderhede op te dateer of te bevestig. Indien ons dit doen, bied ons u voldoende inligting uit ons bestaande databasis (insluitend, waar toepaslik, die laaste vier syfers van u kredietkaart) sodat u gerus kan wees dat dit wel ons verteenwoordiger is.

Indien u ’n versoek vir u volledige kredietkaartnommer en CVV-nommer ontvang, moet u dit as ’n swendelaar beskou, die kontakpersoon verontagsaam en aan www.scamwatch.gov.au rapporteer of kontak ons fondsinsamelings- en kommunikasie-span so gou as moontlik.

**Indien u vrae het rakende hoe ons privaatheid hanteer, kontak asseblief ons Privaatheidsbeampte tydens kantoorure**

## Hoe om ’n klagte rakende jou privaatheid te hanteer

Ons moedig elkeen wat ’n klagte het rakende RFDS WO se bestuur van persoonlike inligting om dit eers direk aan te spreek:

**Die Privaatheidsbeampte**
**(Privacy Officer)**
**RFDS Westerse Bedrywighede**
**T** 08 9417 6300
**F** 08 9417 6309
**E** westops@rfdswa.com.au
**A** Eagle-rylaan 3, Jandakot, WA, 6164

Raadpleeg ons terugvoervorm vir nadere besonderhede oor ons klagteshanteringsproses.

Jy kan ook kies om ’n eksterne klagte te lê. Rakende ander instansies, kan u ook klagtes rig aan

**The Office of the Australian Information Commissioner**
> www.oaic.gov.au/privacy/privacy-complaints
**E** enquiries@oaic.gov.au
**F** 02 9284 9666
**A** GPO Box 5218, Sydney NSW 2001

---

Ons beleid is onderhewig aan oorsig en veranderinge. Indien dit gebeur, sal ons u in kennis stel en die nuwe Privaatheidsverklaring openbaar beskikbaar maak.

Feb 2020